PHAKISA

ROOIVLEISBOERE WIL VOLSTOOM TREK MET STAATSPROJEK

Die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het pres. Jacob Zuma se aankondiging ten opsigte van die ontplooiing van die Operasie Phakisa-projek verwelkom. Luidens 'n verklaring sal sekere stappe ingevolge die operasie tot groot voordeel van die rooivleisbedryf wees.

Operasie Phakisa maak voorsiening vir 'n nasionale veesensus en 'n diere-identifikasie- en opspoorbaarheidstelsel. Ingevolge die projek gaan daar ook geprobeer word om die uitvoer van vleis te verhoog en meganismes te verbeter om dieresiektes te beperk. Volgens die RPO sal dit verseker dat daar aan internasionale handelsprotokolle voldoen word.

Zuma het gesê ondanks die vele probleme in die landbou die afgelope paar jaar toon onlangse neigings dat dié sektor 'n ommeswaai beleef. Oor die afgelope ses jaar het die werkgeleenthede in die landbou met byna 300 000 gestyg – ondanks die feit dat plaaswerkers se salarisse ook gestyg het.

Oor die afgelope 15 jaar het die huishoudings wat honger ly, met meer as die helfte verminder. Daar is ook tekens van ekonomiese groei in die voormalige tuislandgebiede, asook indrukwekkende afnames in werkloosheidsyfers sedert 2001. Tog is daar steeds groot hindernisse, soos die armoede en ongelykheid wat in landelike gebiede voorkom.

Verder bly die oorhoofse prestasies en produktiwiteit van die landbou laag ondanks groter besteding aan ondersteuningsprogramme vir kleinboere. Die geleenthede vir boere om aan die breër landbouverwerkingstelsel deel te neem, is beperk.

Die Regering het met die Operasie Phakisa-projek 'n platform geskep waardeur alle belanghebbendes in die landbou probleme bespreek en oplossings probeer vind het.

ONDERWERPE

Die deelnemers se besprekings is oor vyf weke in sewe onderwerpe verdeel. Dit was grondhervorming, produsente-ondersteuning, vee, graan, tuinbou, arbeid en landelike ontwikkeling. Die sewe onderwerpe het 27 aspekte omskryf.

Die drie kommoditeitsgedrewe onderwerpe, naamlik graan, vee en tuinbou, het met hul inisiatiewe daarop klem gelê om die potensiaal vir handel in die plaaslike én uitvoermarkte te bevorder, om waardekettings uit te bou en te ontwikkel, om navorsing- en vernuwingstelsels uit te bou en om die land se beperkte waterbronne ten beste te benut.

Ten opsigte van tuinbou is drie inisiatiewe ontwikkel, waarvan een gemik is op handelspromosies – oftewel die behoud en die optimalisering daarvan. Dié inisiatief probeer om Suid-Afrika se tuinbouhandelspotensiaal van 'n geskatte R54 miljard in 2015 tot R90 miljard teen 2030 te laat groei.

Een idee om die algemene steun aan boere te verbeter, is die harmonisering van die regsraamwerk wat 'n impak op die landbou-waardeketting het. Dié plan is daarop gemik om die omslagtige aard van die bestaande wetgewing wat by verskillende departement gehuisves is, op te los. Die mikpunt is om struikelblokke op alle vlakke uit die weg te ruim, die besluitnemingsprosesse te bespoedig en geleenthede, spesifiek vir nuwe toetreders tot die waardeketting, te beding.

Daar word voorsien dat dié plan die tydsduur om sekere aansoeke af te handel met tot die helfte kan verminder. Dit sluit aansoeke om toestemming vir watergebruik en uitvoerstandaarde in.

PLATFORMS

Boere het die huidige gefragmenteerde aard van ondersteuningsdienste as een van die grootste probleme in hul sakebelange uitgewys. Die Ndimo-lessenaar is gevolglik in die lewe geroep as 'n gesentraliseerde platform om alle boere te verbind met dienste deur middel van deelname aan openbare en private inisiatiewe.

Nog 'n projek van die produsente-ondersteuning is die "Re-engineering Agricultural Development Finance". Dié projek sal 'n mengsel van openbare en private geld beskikbaar stel om die huidige situasie waar daar net op toelaes staat gemaak word, te verlig.

Die volgende stap is om vennootskappe tussen ondernemings, die georganiseerde arbeid en die burgerlike samelewing te sluit vir die toepassing van planne ingevolge Operasie Phakisa. Die hoofaandeelhouers sal in Julie vanjaar ooreenkomste onderteken om hulself te verbind tot die toepassing van die inisiatiewe.

Operasie Phakisa voorsien alle organisasies wat streef na transformasie in die landbou van 'n platform waar hul vraagstukke gehanteer kan word sodat dit inslag kan vind in regeringsbeleid en -programme.

Dit bied 'n geleentheid aan al die belanghebbendes om die sektor tot nuwe hoogtes van groei, stabiliteit, mededingheidheid en winsgewendheid te neem.

DIEREGESONDHEID

Veearts-diensjaar verloop sover glad

DIE verpligte diensjaar vir afgestudeerde veeartse is een van die sake wat op die jongste vergadering van die nasionale dieregesondheidsforum bespreek is.

Die veeartse se eerste diensjaar het vroeg vanjaar begin en volgens die RPO is daar tot dusver geen klagtes ontvang nie.

Een van die groot voordele van die diensjaar is dat veeartse nou blootstelling kry aan gebiede wat voorheen nie moontlik was nie.

Aansoeke vir die verpligte diensjaar in 2018-'19 is reeds ontvang. Die direktoraat dieregesondheid het besluit om die studente reeds tydens hul vyfde studiejaar te plaas sodat hulle hulself kan voorberei op hul verpligtinge.

Dit het ook op die vergadering geblyk dat daar al ver gevorder is met 'n entstof teen snotsiekte. Die dieregesondheidsforum wil graag sien dat die proses bespoedig word.

Die onwettige slag van donkies vir uitvoerdoeleindes is ook bespreek. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het ses maande gelede bewus geraak van die situasie toe donkiekarkasse sonder die velle gevind is. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se veediefstaleenhede is ingespan om sulke sake te ondersoek.

Ingevolge die Vleisveiligheidswet is dit onwettig om donkies te slag, wat beteken dat donkies slegs by goedgekeurde, geregistreerde abattoirs geslag mag word. Dit is egter duidelik dat die markte waarvoor die velle bestem is, geen vorm van registrasie vereis nie.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**. E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.